Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria- Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

GR R OB6 /2021

Liewe Gr R Ouers,

Tema van die week:
Boeke (29 April - 1 April)

Lees is baie belangrik en u as ouer moet asseblief help om 'n liefde daarvoor te kweek. Lees saam stories en maak dit spesiaal vir u kind.

Temabespreking:

Ons gaan gesels oor:

- Waarom ons boeke nodig het.
- Waar kan ek boeke vind?
- Versorging van boeke.
- Hoe lyk 'n boek en hoe word dit gemaak?
- Soorte boeke.

Wiskunde:
- Die vaslê van getal: 1
- Geometriese patrone
- 3-D en 2-D voorwerpe

Wetenskap:
Meng van Primêre kleure.

Liggaamsopvoeding:
- Hand-oog koördinasie
- Lateraliteit
- Hindernisbaan
- Beweging
- Ontwyking

Uitvoerende kuns:
☺ Liggaamsbewustheid.

Versie:
Boeke is vol stories
en prente ingekleur.
Boeke is vol dinge
waarvan ek en jy kan leer.
So kom ons blaai vandag nog
'n storieboekie deur.

Nuttige brokkie kennis:
Wat is die verskil tussen posisie van die liggaam in die ruimte en ruimtelike verhouding?

- **Posisie van die liggaam in die ruimte**

Posisie van die liggaam in die ruimte het te doen met ruimtelike begrippe t.o.v. die leerder se liggaam. Dis begrippe soos bo, onder, voor, agter, bo-op ens. 'n Opdragvoorbeeld sou wees: Sit jou hande **op** jou kop.

- **Ruimtelike verhouding:**

Sodra die leerder 'n ruimtelike opdrag moet uitvoer waar meer as net sy/haar liggaam betrokke is, word daar van ruimtelike verhouding gepraat. So 'n opdrag sou bv. wees: "Sit jou boek voor jou **op** die tafel."

Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey street
P O Box 16163
Pretoria- North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail:navrae@daniemalan.co.za

Onthou: Donderdag



SKOOL KOM 11:00 UIT

In 'n kind se oë is daar nie sewe wonders in die wêreld nie, daar is sewe miljoen.

Geniet die week!

Malanne maatjie Groete
Gr R Opvoeders